# HOOFSTUK 5

# *Navorsingsresultate*

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die inligting wat deur die empiriese ondersoek verkry is, ontleed en bespreek. Die toetsresultate van groepe word met mekaar vergelyk en die verskille aangedui en toegelig. Toetsresultate word telkens deur die aanbieding van frekwensies soos dit op die groepe van toepassing is, voorafgegaan. Vergelykende resultate vir die volgende groepe word chronologies aangebied:

- juniorprimêre en seniorprimêre onderwysers;
- primêre en sekondêre onderwysers;
- onderwysers van die verskillende studierigtings in die sekondêre skool;
- mans- en damesonderwysers;
- doeltreffende en minder doeltreffende onderwysers.

Ten einde 'n beeld van die persoonlikheid van die huidige diensdoenende onderwyser te vorm, word persoonstrekgemiddeldes (soos gemeet deur die SORT) vir mans-, dames-, primêre en sekondêre onderwysers verstrek.

## 5.2 VERGELYKING VAN JUNIORPRIMÊRE EN SENIORPRIMÊRE ONDERWYSERS

### 5.2.1 Biografiese gegewens

Onderstaande tabel gee 'n samevatting van biografiese inligting soos uit die biografiese vraelys verkry (Bylae B).

**Tabel 5.1** *Biografiese eienskappe van juniorprimêre en seniorprimêre onderwysers*

| Veranderlike | Kategorie | Junior-primêr N =123 | Senior-primêr N = 162 |
|---|---|---|---|
| Geslag | Manlik | 0 (0%) | 73 (45%) |
| | Vroulik | 123 (100%) | 89 (55%) |
| Ouderdom | 20–25 jaar | 14 (11%) | 16 (10%) |
| | 26–30 jaar | 24 (20%) | 33 (20%) |
| | 31–35 jaar | 18 (15%) | 22 (14%) |
| | 36–40 jaar | 20 (16%) | 38 (23%) |
| | 41–45 jaar | 23 (19%) | 23 (14%) |
| | 46–50 jaar | 16 (13%) | 18 (11%) |
| | 51–55 jaar | 5 (4%) | 8 (5%) |
| | 56–60 jaar | 3 (2%) | 3 (2%) |
| | 60+ jaar | 0 (0%) | 1 (1%) |
| Huwelikstaat | Getroud | 102 (83%) | 147 (91%) |
| | Ongetroud | 21 (17%) | 15 (9%) |
| Onderwyservaring | 0–2 jaar | 10 (8%) | 15 (9%) |
| | 3–5 jaar | 15 (12%) | 21 (13%) |
| | 6–8 jaar | 16 (13%) | 21 (13%) |
| | 9–12 jaar | 24 (20%) | 21 (13%) |
| | 13–15 jaar | 17 (14%) | 22 (14%) |
| | 16–20 jaar | 16 (13%) | 36 (22%) |
| | 21–25 jaar | 14 (11%) | 11 (7%) |
| | 26–30 jaar | 8 (7%) | 12 (7%) |
| | 30+ jaar | 3 (2%) | 3 (2%) |
| Aantal skole waarby reeds skoolgehou is | 1 skool | 27 (22%) | 51 (31%) |
| | 2 skole | 27 (22%) | 19 (12%) |
| | 3 skole | 22 (18%) | 33 (20%) |
| | 4 skole | 18 (15%) | 27 (17%) |
| | 5 skole | 12 (10%) | 11 (7%) |
| | 6 skole | 8 (7%) | 9 (6%) |
| | 7 skole | 3 (2%) | 6 (4%) |
| | 8 skole + | 6 (5%) | 6 (4%) |

**Tabel 5.1** *(vervolg)*

| Veranderlike | Kategorie | Junior-primêr N =123 | Senior-primêr N = 162 |
|---|---|---|---|
| Kategorie-indeling | C<br>D<br>E<br>F<br>G | 30 (24%)<br>79 (64%)<br>11 (9%)<br>3 (2%)<br>0 (0%) | 24 (15%)<br>76 (47%)<br>31 (19%)<br>24 (15%)<br>7 (4%) |
| Meriete | 0<br>1<br>2<br>3 | 69 (56%)<br>21 (17%)<br>18 (15%)<br>15 (12%) | 97 (60%)<br>32 (20%)<br>19 (12%)<br>14 (9%) |
| Posvlak | 1<br>2, 3 en 4 | 112 (91%)<br>11 (9%) | 122 (75%)<br>40 (25%) |
| Postipe | Permanent<br>Permanente aflos<br>Tydelik | 87 (71%)<br>17 (14%)<br>19 (15%) | 129 (80%)<br>14 (9%)<br>19 (12%) |
| Beoefening van tweede beroep/aktiwiteit | Ja<br>Nee | 7 (6%)<br>116 (94%) | 30 (19%)<br>132 (81%) |

Uit Tabel 5.1 blyk dit dat die twee groepe redelik eweredig verdeel is wat ouderdom, onderwyservaring, aantal skole waarby skoolgehou, meriete en postipe betref. Die juniorprimêre groep bevat geen manlike onderwysers nie en het 'n groter persentasie ongetroudes. Die seniorprimêre groep daarenteen bevat 'n groter persentasie onderwysers met 'n kategorie-indeling hoër as kategorie D (38% teenoor 11% vir juniorprimêr) wat daarop dui dat verdere studie onderneem is. 'n Groter persentasie seniorprimêre onderwysers is in bevorderingsposte (posvlak 2, 3 en 4), terwyl hierdie groep ook die groter persentasie is wat 'n tweede beroep/aktiwiteit beoefen om hul onderwysinkomste aan te vul.

### 5.2.2 SORT-resultate

Geen prakties beduidende verskille kon tussen die persoonstrekke van die junior- en seniorprimêre onderwysers bevind word nie.

Wat betref die aanwesigheid van faktore wat vermindering van intellektuele bekwaamheid tot gevolg kan hê, is die resultate soos uiteengesit in Tabel 5.2 hieronder (vergelyk ook Tabel 4.1, p. 87 in hierdie verband).

**Tabel 5.2** *Faktore verantwoordelik vir die vermindering van intellektuele bekwaamheid by juniorprimêre en seniorprimêre onderwysers*

| Faktor | Juniorprimêr N = 123 | Seniorprimêr N = 162 |
|---|---|---|
| Dwang | 17 (14%) | 20 (12%) |
| Kommer | 7 (6%) | 11 (7%) |
| Lae veralgemening | 0 (0%) | 0 (0%) |
| Perfeksionisme | 2 (2%) | 4 (2%) |
| Swak kontrole | 10 (8%) | 22 (14%) |

Uit Tabel 5.2 blyk dit dat faktore wat die intellektuele bekwaamheid kan verminder, nie algemeen voorkom nie en byna eweredig tussen die twee groepe versprei is. Individue in die juniorprimêre groep is meer geneig tot dwangmatigheid en is dus effe meer geneig tot onnodige herhaling, oordrewe noukeurigheid en onwerklike plooibaarheid wat die bereiking van logiese gevolgtrekkings kan belemmer. Dit pas by die tipiese onderrigstyl in die juniorprimêre onderwys. Individue in die seniorprimêre groep is effens meer tot swak kontrole geneig, wat daarop dui dat hul gedagtegang met groter inspanning gekanaliseer word. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die kurrikulêre verskeidenheid wat onderrig moet word, die aandag laat fluktueer.

## 5.3 VERGELYKING VAN ONDERWYSERS IN DIE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOOL

### 5.3.1 Biografiese gegewens

Uit Tabel 5.3 blyk dit dat die twee groepe redelik eweredig ten opsigte van huwelikstaat, posvlak en postipe verdeel is.

**Tabel 5.3** *Biografiese eienskappe van die onderwyser in die primêre en sekondêre skool*

| Veranderlike | Kategorie | Primêr N = 285 | Sekondêr N = 223 |
|---|---|---|---|
| Geslag | Manlik | 73 (26%) | 103 (46%) |
| | Vroulik | 212 (74%) | 120 (54%) |
| Ouderdom | 20–25 jaar | 30 (11%) | 27 (12%) |
| | 26–30 jaar | 57 (20%) | 54 (24%) |
| | 31–35 jaar | 40 (14%) | 44 (20%) |
| | 36–40 jaar | 58 (20%) | 41 (18%) |
| | 41–45 jaar | 46 (16%) | 29 (13%) |
| | 46–50 jaar | 34 (12%) | 17 (8%) |
| | 51–55 jaar | 13 (5%) | 5 (2%) |
| | 56–60 jaar | 6 (2%) | 6 (3%) |
| | 60+ jaar | 1 (0%) | 0 (0%) |
| Huwelikstaat | Getroud | 249 (87%) | 187 (84%) |
| | Ongetroud | 36 (13%) | 36 (16%) |
| Onderwyservaring | 0–2 jaar | 25 (9%) | 19 (9%) |
| | 3–5 jaar | 36 (13%) | 46 (21%) |
| | 6–8 jaar | 37 (13%) | 33 (15%) |
| | 9–12 jaar | 45 (16%) | 38 (17%) |
| | 13–15 jaar | 39 (14%) | 29 (13%) |
| | 16–20 jaar | 52 (18%) | 36 (16%) |
| | 21–25 jaar | 25 (9%) | 13 (6%) |
| | 26–30 jaar | 20 (7%) | 5 (2%) |
| | 30+ jaar | 6 (2%) | 4 (2%) |

**Tabel 5.3** *(vervolg)*

| Veranderlike | Kategorie | Primêr N = 285 | Sekondêr N = 223 |
|---|---|---|---|
| Aantal skole waarby reeds skoolgehou is | 1 skool | 78 (27%) | 83 (37%) |
| | 2 skole | 46 (16%) | 55 (25%) |
| | 3 skole | 55 (19%) | 31 (14%) |
| | 4 skole | 45 (16%) | 20 (9%) |
| | 5 skole | 23 (8%) | 16 (7%) |
| | 6 skole | 17 (6%) | 6 (3%) |
| | 7 skole | 9 (3%) | 5 (2%) |
| | 8 skole + | 12 (4%) | 7 (3%) |
| Kategorie-indeling | C | 54 (19%) | 17 (8%) |
| | D | 155 (54%) | 130 (58%) |
| | E | 42 (15%) | 57 (26%) |
| | F | 27 (9%) | 16 (7%) |
| | G | 7 (2%) | 3 (1%) |
| Meriete | 0 | 166 (58%) | 152 (68%) |
| | 1 | 53 (19%) | 27 (12%) |
| | 2 | 37 (13%) | 23 (10%) |
| | 3 | 29 (10%) | 21 (9%) |
| Posvlak | 1 | 234 (82%) | 187 (84%) |
| | 2, 3 en 4 | 51 (18%) | 36 (16%) |
| Postipe | Permanent | 216 (76%) | 176 (79%) |
| | Permanente aflos | 31 (11%) | 19 (9%) |
| | Tydelik | 38 (13%) | 28 (13%) |
| Beoefening van 2$^{e}$ beroep/aktiwiteit | Ja | 37 (13%) | 38 (17%) |
| | Nee | 248 (87%) | 185 (83%) |

Uit Tabel 5.3 blyk ook die volgende:

- Die sekondêre groep bevat 'n groter persentasie mans en is ook as groep betreklik jonger (74% onderwysers is 40 jaar en jonger, teenoor 65% by die primêre groep).

- Die sekondêre groep het minder onderwyservaring (62% het minder as 12 jaar ervaring, teenoor 51% by die primêre groep) en wissel minder van skool (62% het slegs by twee skole of minder skoolgehou, teenoor 43% by die primêre groep; 24% het by vier of meer skole skoolgehou, teenoor 37% by die primêre groep).
- Die sekondêre groep het minder merietetoekennings (31%, teenoor 42% by die primêre groep).
- Die primêre groep bevat 'n groter persentasie onderwysers met kategorie-C-indeling (driejaaropleiding) en 'n kleiner persentasie wat verdere studie onderneem (26% in die E-, F- en G-kategorie-indelings teenoor 34% by die sekondêre groep).
- Die sekondêre groep is effens meer geneig om 'n tweede beroep of aktiwiteit te beoefen om hul onderwysinkomste aan te vul (17% teenoor 13% by die primêre groep).

### 5.3.2 SORT-resultate

Uit Tabel 5.4 blyk dit dat die sekondêre onderwyser meer konkreet dink en probleme op 'n meer praktiese, konkrete wyse vanaf definitiewe besonderhede

**Tabel 5.4** *Persoonlikheidsverskille by onderwysers in die primêre en sekondêre skool*

| **Sort-persoonstrek** | **Primêr gemid.** | **Sekondêr gemid.** | **d** |
|---|---|---|---|
| Prakties | 49,3 | 51,5 | 0,2 |
| Pedanties | 47,4 | 45,8 | 0,2 |
| Omvang van belangstelling | 52,1 | 50,3 | 0,2 |

Klein effek d = 0,2
Medium effek d = 0,5
Groot effek d = 0,8

aanpak, in vergelyking met sy kollegas in die primêre onderwys. Die primêre onderwyser dink meer in terme van klein, geringe besonderhede en pak probleme ook van meer geringe besonderhede af aan. Die neiging om perfeksionisties te wees en op juiste, soms nietige, besonderhede te konsentreer, is dus hoër by die primêre groep. Die primêre onderwyser het ook 'n wyer algemene belangstelling as die sekondêre onderwyser. Voornoemde verskille het opvoedkundig nie werklik betekenis nie, omdat die effekgroottes klein is (d wissel van 0,20–0,27).

'n Vergelyking van faktore wat die vermindering van intellektuele bekwaamheid tot gevolg kan hê, toon die volgende resultate van hierdie twee groepe:

**Tabel 5.5** *Faktore verantwoordelik vir die vermindering van intellektuele bekwaamheid by onderwysers in die primêre en sekondêre skool*

| **Faktor** | **Primêre skool N = 285** | **Sekondêre skool N = 162** |
|---|---|---|
| Dwang | 37 (13%) | 26 (16%) |
| Kommer | 18 (6%) | 12 (7%) |
| Lae veralgemening | 0 (0%) | 4 (2%) |
| Perfeksionisme | 6 (2%) | 1 (1%) |
| Swak kontrole | 32 (11%) | 29 (18%) |

Uit Tabel 5.5 blyk dit dat 'n effens groter persentasie individue by die sekondêre groep geneig is tot onnodige herhaling, oordrewe noukeurigheid en onwerklike plooibaarheid (dwangmatigheid) wat die bereiking van logiese gevolgtrekkings as gevolg van hul verstandsaktiwiteite, kan belemmer. 'n Effens groter persentasie individue van die sekondêre groep ondervind probleme om doeltreffend te konsentreer (swak kontrole). Kommer is by albei groepe eweredig verdeel, terwyl lae veralgemening en perfeksionisme so gering voorkom, dat dit nie vergelyk of in aanmerking geneem word nie.

## 5.4 VERGELYKING VAN ONDERWYSERS VAN DIE VERSKILLENDE STUDIERIGTINGS IN DIE SEKONDÊRE SKOOL

### 5.4.1 Biografiese gegewens

*LW:* Daar word van die volgende afkortings gebruik gemaak:

Ekonomies wetenskaplik (E) Natuurwetenskaplik (N)
Geesteswetenskaplik (G) Tegnies (T)

**Tabel 5.6** *Biografiese eienskappe van onderwysers in die verskillende studierigtings in die sekondêre skool*

| Veranderlike | Kategorie | E N = 33 | G N = 102 | N N = 54 | T N = 34 |
|---|---|---|---|---|---|
| Geslag | Manlik | 14 (42%) | 38 (37%) | 17 (31%) | 34 (100%) |
| | Vroulik | 19 (58%) | 64 (63%) | 37 (69%) | 0 (0%) |
| Ouderdom in jare | 20–25 | 4 (12%) | 14 (14%) | 7 (13%) | 2 (6%) |
| | 26–30 | 9 (27%) | 26 (25%) | 9 (17%) | 10 (29%) |
| | 31–35 | 2 (6%) | 23 (23%) | 11 (20%) | 8 (24%) |
| | 36–40 | 11 (33%) | 20 (20%) | 8 (15%) | 2 (6%) |
| | 41–45 | 4 (12%) | 8 (8%) | 10 (19%) | 7 (21%) |
| | 46–50 | 3 (9%) | 6 (6%) | 5 (9%) | 3 (9%) |
| | 51–55 | 0 (0%) | 3 (3%) | 2 (4%) | 0 (0%) |
| | 56–60 | 0 (0%) | 2 (2%) | 2 (4%) | 2 (6%) |
| | 60+ | 0 (0%) | 0 (0%) | 0 (0%) | 0 (0%) |
| Huwelikstaat | Getroud | 31 (94%) | 89 (87%) | 40 (74%) | 27 (79%) |
| | Ongetroud | 2 (6%) | 13 (13%) | 14 (26%) | 7 (21%) |
| Onderwys-ervaring in jare | 0–2 | 5 (15%) | 7 (7%) | 3 (6%) | 4 (12%) |
| | 3–5 | 3 (9%) | 22 (22%) | 12 (22%) | 9 (26%) |
| | 6–8 | 6 (18%) | 15 (15%) | 7 (13%) | 5 (15%) |
| | 9–12 | 5 (15%) | 20 (20%) | 8 (15%) | 5 (15%) |
| | 13–15 | 3 (9%) | 12 (12%) | 7 (13%) | 7 (21%) |
| | 16–20 | 8 (24%) | 16 (16%) | 10 (19%) | 2 (6%) |
| | 21–25 | 3 (9%) | 7 (7%) | 3 (6%) | 0 (0%) |
| | 26–30 | 0 (0%) | 1 (1%) | 2 (4%) | 2 (6%) |
| | 30+ | 0 (0%) | 2 (2%) | 2 (4%) | 0 (0%) |

**Tabel 5.6** *(vervolg)*

| Veranderlike | Kategorie | E N = 33 | G N = 102 | N N = 54 | T N = 34 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal skole waarby reeds skoolgehou is | 1 skool | 15 (45%) | 37 (36%) | 8 (15%) | 23 (68%) |
| | 2 skole | 7 (21%) | 27 (26%) | 11 (20%) | 10 (29%) |
| | 3 skole | 3 (9%) | 15 (15%) | 12 (22) | 1 (0%) |
| | 4 skole | 3 (9%) | 7 (7%) | 10 (19%) | 0 (0%) |
| | 5 skole | 3 (9%) | 7 (7%) | 6 (11%) | 0 (0%) |
| | 6 skole | 0 (0%) | 4 (4%) | 2 (4%) | 0 (0%) |
| | 7 skole | 0 (0%) | 3 (3%) | 2 (4%) | 0 (0%) |
| | 8 skole + | 2 (6%) | 2 (2%) | 3 (6%) | 0 (0%) |
| Kategorie-indeling | C | 1 (3%) | 5 (5%) | 1 (2%) | 10 (29%) |
| | D | 18 (55%) | 55 (54%) | 39 (72%) | 18 (53%) |
| | E | 9 (27%) | 32 (31%) | 10 (19%) | 6 (18%) |
| | F | 4 (12%) | 10 (10%) | 2 (4%) | 0 (0%) |
| | G | 1 (3%) | 0 (0%) | 2 (4%) | 0 (0%) |
| Meriete | 0 | 17 (52%) | 75 (74%) | 36 (67%) | 24 (71%) |
| | 1 | 3 (9%) | 11 (11%) | 9 (17%) | 4 (12%) |
| | 2 | 7 (21%) | 10 (10%) | 4 (7%) | 2 (6%) |
| | 3 | 6 (18%) | 6 (6%) | 5 (9%) | 4 (12%) |
| Posvlak | 1 | 27 (82%) | 91 (89%) | 39 (72%) | 30 (88%) |
| | 2, 3 en 4 | 6 (18%) | 11 (11%) | 15 (28%) | 4 (12%) |
| Postipe | Permanent | 25 (76%) | 82 (80%) | 35 (65%) | 34 (100%) |
| | Permanente aflos | 5 (15%) | 11 (11%) | 3 (6%) | 0 (0%) |
| | Tydelik | 3 (9%) | 9 (9%) | 16 (30%) | 0 (0%) |
| Beoefening van tweede beroep/aktiwiteit | Ja | 6 (18%) | 15 (15%) | 8 (15%) | 9 (26%) |
| | Nee | 27 (82%) | 87 (85%) | 46 (85%) | 25 (74%) |

Uit Tabel 5.6 blyk dit dat die onderwysers in die sekondêre skool in die vier verskillende studierigtings soos volg verskil:

| | |
|---|---|
| • *Geslag* | Die T-groep is slegs manlik. Die N-groep bevat die grootste persentasie vroulike onderwysers, gevolg deur die G- en E-groep. |
| • *Ouderdom* | Die G-groep is die jongste (82% onderwysers is 40 jaar en jonger; teenoor die E-groep met 78%, die T- en N-groep met 65% elk). |
| • *Huwelikstaat* | Die E-groep het die grootste persentasie getroude onderwysers (94%, gevolg deur die G-groep met 87%, die T-groep met 79% en die N-groep met 74%). |
| • *Onderwyservaring* | Die N-groep is die mees ervare groep (46% onderwysers het meer as 12 jaar ervaring; gevolg deur die E-groep met 42%, die G-groep met 38% en die T-groep met 33%). |
| • *Aantal skole waarby skool gehou* | Die T-groep wissel by verre die minste van skool (97% onderwysers hou by twee of minder skole skool; teenoor die E-groep met 66%, die G-groep met 62%, en die N-groep met 35%). |
| • *Kategorie-indeling* | Die E-groep het die grootste persentasie onderwysers met 'n kategorie-indeling hoër as D (42%; teenoor die G-groep met 41%, die N-groep met 27% en die T-groep met 18%). 'n Groot persentasie tegniese onderwysers (29%) val in die kategorie-C-indeling. |
| • *Meriete* | Die E-groep het die grootste persentasie onderwysers met merietetoekennings (48% onderwysers het een of meer merietes; teenoor die N-groep met 33%, die T-groep met 30% en die G-groep met 27%). |
| • *Posvlak* | Die N-groep het die grootste persentasie onderwysers in posvlak 2, 3 en 4 (28% onderwysers is in bevorderingsposte; teenoor die E-groep met 18%, die T-groep met 12% en die G-groep met 11%). |

- *Postipe* — Die grootste persentasie onderwysers met permanente aanstellings is in die T-groep (100%; teenoor die G-groep met 80%, die E-groep met 76% en die N-groep met 65%).

- *Beoefening van 'n tweede beroep/aktiwiteit* — Die T-groep bevat die grootste persentasie onderwysers wat hul onderwysinkomste deur die beoefening van 'n tweede beroep aanvul (26%; teenoor die E-groep met 18% en die N- en G-groep met 15% elk).

### 5.4.2 SORT-resultate

Om te bepaal of daar beduidende verskille in die persoonlikheid van die E-, G-, N- en T-groepe is, is die gemiddeldes vir elk van die 25 persoonstrekke ten opsigte van hierdie groepe vergelyk.

Cohen se effekgroottes wat op hierdie verskille toegepas is, toon praktiese betekenisvolheid soos voorgestel in Tabelle 5.7.1, 5.7.2 en 5.7.3.

Hieruit word afgelei dat die G-groep, in vergelyking met die N-groep, meer geneig is om by vasgestelde idees te bly ('n gemiddelde punt van 55,4 vir onbuigsaamheid in denke by die G-groep; teenoor 50,9 by die N-groep). Die G-groep toon ook, in vergelyking met die N-groep, 'n sterker neiging om nie van vasgestelde doelstellings af te wyk nie ('n gemiddelde punt van 55,5 vir volharding; teenoor 50,9 by die N-groep).

**Tabel 5.7.1** *Verskille in gemiddeldes van onderwysers in die verskillende studierigtings in die sekondêre skool ten opsigte van onbuigsaamheid*

| Groepe | G | N | T |
|---|---|---|---|
| **E** | 4,777 (d = 0,51) | 0,313 (d = 0,03) | 2,101 (d = 0,22) |
| **G** | | 4,464 (d = 0,48) | 2,676 (d = 0,28) |
| **N** | | | 1,788 (d = 0,19) |

**Tabel 5.7.2** *Verskille in gemiddeldes van onderwysers in die verskillende studierigtings in die sekondêre skool ten opsigte van menseverhoudings*

| Groepe | G | N | T |
|---|---|---|---|
| E | 5,213 [d =0,55] | 4,409 [d = 0,46] | 6,546 [d = 0,69] |
| G | | 0,804 [d = 0,08] | 1,333 [d = 0,14] |
| N | | | 2,137 [d = 0,23] |

**Tabel 5.7.3** *Verskille in gemiddeldes van onderwysers in die verskillende studierigtings in die sekondêre skool ten opsigte van volharding*

| Groepe | G | N | T |
|---|---|---|---|
| E | 4,777 [d = 0,51] | 0,313 [d = 0,03] | 2,101 [d = 0,22] |
| G | | 4,464 [d = 0,48] | 2,676 [d = 0,28] |
| N | | | 1,788 [d = 0,19] |

Die E-groep is meer gerig op waarneming van en aandag aan elemente wat menslike konnotasies inhou as wat die geval by die G- en die T-groep is ['n gemiddelde punt van 57,6; teenoor 52,4 by G-groep en 51,0 by die T-groep].

Voornoemde verskille is egter nie prakties beduidend nie [d is telkens ⟨ 0,8] en kan daarom nie veralgemeen word nie.

'n Vergelyking van faktore wat die vermindering van intellektuele bekwaamheid tot gevolg kan hê, toon die resultate ten opsigte van hierdie vier groepe soos in Tabel 5.8 uiteengesit.

Uit Tabel 5.8 blyk dit dat die geneigdheid tot onnodige herhaling en oordrewe noukeurigheid die meeste by individue in die G-groep [16% dwangmatigheid]

voorkom; terwyl dit by die E-groep en die T-groep gelykwaardig voorkom (12% elk). Die N-groep word slegs gering geraak (4%) deur die voorkoms van dwangmatigheid.

**Tabel 5.8** *Faktore verantwoordelik vir die vermindering van intellektuele bekwaamheid by onderwysers in die verskillende studierigtings in die sekondêre skool*

| **Faktor** | **E**<br>**N = 33** | **G**<br>**N = 102** | **N**<br>**N = 54** | **T**<br>**N = 34** |
|---|---|---|---|---|
| Dwang | 4 (12%) | 16 (16%) | 2 (4%) | 4 (12%) |
| Kommer | 0 (0%) | 7 (7%) | 3 (6%) | 2 (6%) |
| Lae veralgemening | 3 (9%) | 0 (0%) | 1 (2%) | 0 (0%) |
| Perfeksionisme | 1 (3%) | 0 (0%) | 0 (0%) | 0 (0%) |
| Swak kontrole | 5 (15%) | 9 (9%) | 7 (13%) | 8 (24%) |

Die voorkoms van oormatige kommer wat dit vir die individu moeilik maak om sy eie gevolgtrekkings te aanvaar en sy vermoë verswak om sy gedagtes tot 'n logiese einde te voer, is by die E-groep afwesig; terwyl dit by die ander drie groepe eweredig versprei is (7% by groep G en 6% by elk van die N- en T-groep).

'n Groter persentasie individue by die E-groep (9%) vind dit moeilik om aandag aan beginsels en teoretiese implikasies te skenk; terwyl dit by die N-groep gering voorkom (2%). Lae veralgemening is by die G- en T-groep afwesig.

Perfeksionisme as faktor wat die intellektuele bekwaamheid kan verlaag, kom slegs in geringe mate by die E-groep voor (3%); terwyl dit by die G-, N- en T-groep afwesig is.

Konsentrasieprobleme kom die meeste by die T-groep voor (24%); terwyl dit by die ander groepe in redelike mate voorkom (15% by die E-groep, 13% by die N-groep en 9% by die G-groep). Dit wil dus voorkom asof 'n gebrek aan konsentrasie die faktor is wat die grootste persentasie individue se intellektuele prestasie in die sekondêre skool benadeel.

## 5.5 VERGELYKING VAN MANS- EN DAMESONDERWYSERS

### 5.5.1 Biografiese gegewens

Uit Tabel 5.9 blyk dit dat die mans en dames eweredig verdeel is ten opsigte van ouderdom, huwelikstaat, onderwyservaring, asook die persentasie wat merietetoekennings verwerf het. Meriete 3-toekennings kom egter meer onder dames as by hulle manlike kollegas voor (12% dames het meriete 3; teenoor 6% mans). Dames wissel meer van skool as mans (42% dames het by twee of minder skole onderrig gegee; teenoor 69% mans). Daar is 'n kleiner persentasie vroulike onderwysers met permanente poste as mans (70% dames beklee permanente poste; teenoor 92% mans). Die dames beklee ook 'n kleiner persentasie bevorderingsposte as die mans (6% dames is in bevorderingsposte; teenoor 38% mans). 'n Groter persentasie mans (27%; teenoor 8% by dames) beoefen 'n tweede beroep of aktiwiteit om hul onderwysinkomste aan te vul.

'n Vergelyking van mans en dames se betrokkenheid by sport- en kultuuraktiwiteite van die skool (Bylae B—vraag 13 en 14 van die vraelys), het getoon dat mans gemiddeld meer as twee kwartale (gemiddeld 2,829) met sport en gemiddeld meer as een kwartaal (gemiddeld 1,511) met kultuur bedrywig is. Dames is gemiddeld tydens meer as een kwartaal (gemiddeld 1,951) met sport asook kultuur (gemiddeld 1,933) bedrywig. Mans is dus meer as dames by die skool se sport betrokke, terwyl dames effens meer by die kulturele aktiwiteite van die skool betrokke is.

'n Vergelyking van die onderwysers se betrokkenheid by gemeenskapsaktiwiteite het getoon dat mans gemiddeld by meer as twee aktiwiteite (gemiddeld 2,278) betrokke is, terwyl dames gemiddeld by meer as een aktiwiteit

(gemiddeld 1,382) betrokke is. Mans is dus meer as dames by gemeenskaps-aktiwiteite betrokke.

**Tabel 5.9** *Biografiese eienskappe van mans- en damesonderwysers*

| Veranderlike | Kategorie | Mans N = 176 | Dames N = 332 |
|---|---|---|---|
| Onderrigfase | Ekonomies | 14 (8%) | 19 (6%) |
| | Geesteswet. | 38 (22%) | 64 (19%) |
| | Natuurwet. | 17 (10%) | 37 (11%) |
| | Tegnies | 34 (19%) | 0 (0%) |
| | Seniorprimêr | 73 (41%) | 89 (27%) |
| | Juniorprimêr | 0 (0%) | 123 (37%) |
| Ouderdom | 20–25 jaar | 15 (9%) | 42 (13%) |
| | 26–30 jaar | 47 (27%) | 64 (19%) |
| | 31–35 jaar | 31 (18%) | 53 (16%) |
| | 36–40 jaar | 31 (18%) | 68 (21%) |
| | 41–45 jaar | 24 (14%) | 51 (15%) |
| | 46–50 jaar | 17 (10%) | 34 (10%) |
| | 51–55 jaar | 4 (2%) | 14 (4%) |
| | 56–60 jaar | 7 (4%) | 5 (2%) |
| | 60+ jaar | 0 (0%) | 1 (0,3%) |
| Huwelikstaat | Getroud | 157 (89%) | 279 (84%) |
| | Ongetroud | 19 (11%) | 53 (16%) |
| Onderwyservaring | 0–2 jaar | 17 (10%) | 27 (8%) |
| | 3–5 jaar | 32 (18%) | 50 (15%) |
| | 6–8 jaar | 22 (13%) | 48 (15%) |
| | 9–12 jaar | 25 (14%) | 58 (18%) |
| | 13–15 jaar | 27 (15%) | 41 (12%) |
| | 16–20 jaar | 26 (15%) | 62 (19%) |
| | 21–25 jaar | 13 (7%) | 25 (8%) |
| | 26–30 jaar | 8 (5%) | 17 (5%) |
| | 30+ jaar | 6 (3%) | 4 (1%) |

**Tabel 5.9** *(vervolg)*

| Veranderlike | Kategorie | Mans N = 176 | Dames N = 332 |
|---|---|---|---|
| Aantal skole waarby reeds skoolgehou is | 1 skool<br>2 skole<br>3 skole<br>4 skole<br>5 skole<br>6 skole<br>7 skole<br>8 skole + | 80 (46%)<br>40 (23%)<br>27 (15%)<br>14 (8%)<br>7 (4%)<br>2 (1%)<br>5 (3%)<br>1 (1%) | 81 (24%)<br>61 (18%)<br>59 (18%)<br>51 (15%)<br>32 (10%)<br>21 (6%)<br>9 (3%)<br>18 (5%) |
| Kategorieindeling | C<br>D<br>E<br>F<br>G | 11 (6%)<br>82 (47%)<br>41 (23%)<br>32 (18%)<br>10 (6%) | 60 (18%)<br>203 (61%)<br>58 (18%)<br>11 (3%)<br>0 (0%) |
| Meriete | 0<br>1<br>2<br>3 | 109 (62%)<br>34 (19%)<br>23 (13%)<br>10 (6%) | 209 (63%)<br>46 (14%)<br>37 (11%)<br>40 (12%) |
| Posvlak | 1<br>2, 3 en 4 | 109 (62%)<br>67 (38%) | 312 (94%)<br>20 (6%) |
| Postipe | Permanent<br>Perm. aflos<br>Tydelik | 161 (92%)<br>8 (5%)<br>7 (4%) | 231 (70%)<br>42 (13%)<br>59 (18%) |
| Beoefening van 2^e^ beroep/aktiw. | Ja<br>Nee | 47 (27%)<br>129 (73%) | 28 (8%)<br>304 (92%) |

Ten einde die onderwysers se betrokkenheid by skoolgerigte aktiwiteite tydens skoolvakansies sinvol te vergelyk, word hierdie betrokkenheid in Tabel 5.10 voorgestel.

Uit Tabel 5.10 blyk dit dat 'n groter persentasie mans van mening is dat hulle tydens skoolvakansies met skoolaktiwiteite besig is as wat by dames die geval is (48% mans is dikwels of altyd betrokke; teenoor 34% dames). Dit is egter 'n subjektiewe meting en weerspieël slegs die gevoel van betrokkenheid. Hierdie betrokkenheid sluit ook die hantering van gewone skoolwerk in. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat slegs 'n klein persentasie onderwysers gewoonlik gedurende skoolvakansies by skoolaktiwiteite betrokke is (20% mans en 18% dames).

**Tabel 5.10** *Betrokkenheid van onderwysers by skoolaktiwiteite tydens skoolvakansies*

| **Frekwensie van betrokkenheid** | **Mans N = 176** | **Dames N = 332** |
|---|---|---|
| Nooit betrokke nie | 20 (11%) | 99 (30%) |
| Selde betrokke | 71 (40%) | 119 (36%) |
| Dikwels betrokke | 50 (28%) | 54 (16%) |
| Gewoonlik betrokke | 27 (15%) | 44 (13%) |
| Altyd betrokke | 8 (5%) | 16 (5%) |

### 5.5.2 SORT-resultate

#### *5.5.2.1 Resultate van die totale groep mans en dames*

'n Vergelyking van die persoonstrekgemiddeldes vir die volledige groep, ten opsigte van mans en dames, lewer resultate soos in Tabel 5.11 voorgestel.

Uit Tabel 5.11 blyk dit dat dames meer teoreties dink. Hulle is dus meer geneig om deur breë, algemene denke perspektief op die geheelbeeld te verkry en verbande tussen dele raak te sien. Dames is ook meer as mans tot induktiewe

denke geneig. Logiese denke word dus meer gebaseer op afleidings van onderdele en die gebruik van hulle ophopende samestelling om grondbeginsels af te lei, gevolgtrekkings of veralgemenings te maak en betekenisvolle gehele uit dele op te bou. Mans is meer prakties ingestel as dames. Hulle is dus meer geneig om konkreet te dink en probleme van definitiewe besonderhede af aan te pak.

**Tabel 5.11** *Persoonlikheidsverskille by mans- en damesonderwysers*

| Sort-persoonstrek | Mans gemid. | Dames gemid. | d |
|---|---|---|---|
| Teoreties | 52,0 | 53,9 | 0,2 |
| Prakties | 52,2 | 49,2 | 0,3 |
| Induksie | 53,8 | 55,5 | 0,2 |
| Konvensioneel | 55,2 | 57,3 | 0,2 |
| Takt | 51,4 | 49,4 | 0,3 |
| Inskiklikheid | 54,9 | 56,6 | 0,2 |

Klein effek d = 0,2
Medium effek d = 0,5
Groot effek d = 0,8

Response van dames is meer konvensioneel as dié van mans. Die neiging om dieselfde eienskappe op dieselfde wyse as ander waar te neem, is dus hoër by dames. Dit dui op 'n hoër empatiese geneigdheid.

Mans is meer taktvol as dames. Dit dui op 'n hoër rypheidsgraad wat tot uiting kom in die vermoë om 'n stabiele verhouding met meerderes, gelykes en minde-

res te handhaaf; en impliseer 'n goeie balans tussen innerlike neigings, bewuste selfkontrole en die eise van die sosiale omgewing.

Dames is meer inskiklik as mans. Dames is dus meer geneig om sosiaal aanvaarde gedragskodes en gebruike te aanvaar en daardeur gelei te word.

Die verskille tussen mans en dames is nie prakties betekenisvol nie; omdat die effekwaardes klein is (d wissel van 0,23–0,33).

'n Vergelyking van faktore wat die vermindering van intellektuele bekwaamheid tot gevolg kan hê, toon die volgende resultate ten opsigte van mans en dames (totale groep):

**Tabel 5.12** *Faktore verantwoordelik vir die vermindering van intellektuele bekwaamheid by mans- en damesonderwysers*

| Faktor | Mans N = 176 | Dames N = 332 |
|---|---|---|
| Dwang | 22 (13%) | 41 (12%) |
| Kommer | 8 (5%) | 22 (7%) |
| Lae veralgemening | 0 (0%) | 4 (1%) |
| Perfeksionisme | 1 (1%) | 6 (2%) |
| Swak kontrole | 28 (16%) | 33 (10%) |

Uit Tabel 5.12 blyk dit dat dwangmatigheid by 'n effens groter persentasie mans as dames voorkom (13% by mans; teenoor 12% by dames). Dit dui daarop dat mans effens meer as dames tot onnodige herhaling en oordrewe noukeurigheid geneig is. Swak kontrole kom ook by 'n groter persentasie mans voor (16% by mans, teenoor 10% by dames) wat daarop dui dat mans meer

konsentrasieprobleme as dames ondervind. 'n Hoë mate van kommer (7% by dames, teenoor 5% by mans) kom by 'n groter persentasie dames voor. Dit dui daarop dat dames effens meer probleme ondervind om eie gevolgtrekkings te aanvaar en eie gedagtes tot 'n logiese einde deur te voer as gevolg van 'n gevoel van onsekerheid of onvermoë. Lae veralgemening en perfeksionisme as bydraende faktore tot die vermindering van intellektuele bekwaamheid, is by so 'n klein persentasie individue teenwoordig, dat dit nie vergelyk word nie en dus buite rekening gelaat word.

'n Verdere verfyning ten opsigte van die vergelyking van die geslagte is deur middel van 'n verifiëring van spesifieke mans- en damesgroepe gedoen.

*5.5.2.2 Resultate van mans en dames in die primêre skool*

'n Vergelyking van mans en dames in die primêre skool toon dieselfde verskille as vir die totale mans- of damesgroep, uitgesluit die verskille ten opsigte van induksie. 'n Bykomende verskil, ten opsigte van vertroue, is ook hier waargeneem. Dié verskil is nie prakties beduidend nie, want die effekwaarde is klein (d = 0,25). Dit dui daarop dat die mansonderwyser in die primêre skool oor 'n groter mate van egosterkte, selfvertroue en volharding as sy vroulike kollega besit. Sy vermoë om spanningstoestande die hoof te bied en selfvertroue onder ongunstige omstandighede te behou, is dus hoër.

*5.5.2.3 Resultate van mans en dames in die sekondêre skool*

Die enigste verskil ten opsigte van mans en dames in die sekondêre skool (totale groep), is ten opsigte van takt waargeneem. Die verskil is nie prakties betekenisvol nie, want die effekwaarde is klein (d = 0,29). Die mans se gemiddelde telling is hoër as dié van die dames, wat daarop dui dat mans in die sekondêre skool meer taktvol as dames is.

Verskille tussen mans en dames in die geesteswetenskappe is ten opsigte van die trekke teoreties en induksie waargeneem. Die G-dames is meer teoreties as die G-mans, terwyl hulle ook meer induktief dink as die mans (d = 0,47 vir teoreties en d = 0,42 vir induksie).

'n Vergelyking van mans en dames in die natuurwetenskappe het verskille ten opsigte van die persoonstrekke pedanties, omvang van belangstelling en takt getoon. Die verskil ten opsigte van pedanties is nie prakties beduidend nie, want die effekwaarde is mediumgroot (d = 0,67). N-dames het 'n hoër gemiddelde telling behaal, wat daarop dui dat hulle meer geneig is om in terme van klein, geringe besonderhede te dink as die N-mans. Daar is dus 'n neiging om perfeksionisties te wees en op juiste, soms nietige, besonderhede te konsentreer. Die verskil ten opsigte van omvang van belangstelling is ook nie prakties beduidend nie; die effekwaarde is mediumgroot (d = 0,63). Die gemiddelde telling van die mans is hoër, wat daarop dui dat N-mans 'n wyer belangstellingsveld as N-dames het. Die verskil ten opsigte van die trek takt, is prakties betekenisvol (d = 0,93). Die mans het hier 'n hoër gemiddelde telling behaal, wat daarop dui dat N-mans meer taktvol as N-dames is. Aangesien die effekwaarde van hierdie verskil groot is, kan dit prakties veralgemeen word tot die totale populasie.

Geen betekenisvolle verskille kon tussen mans en dames in die ekonomieswetenskaplike groep waargeneem word nie.

## 5.6 VERGELYKING VAN DOELTREFFENDE EN MINDER DOELTREFFENDE ONDERWYSERS

Die doeltreffende onderwyser word vir die doel van hierdie studie geklassifiseer as die onderwyser wat oor een of meer merietetoekennings beskik of reeds in 'n bevorderingspos is (met ander woorde, bewys vir doeltreffendheid is reeds na aanleiding van die TOD 193 gelewer). Die minder doeltreffende onderwyser word vir die onderhawige studie geklassifiseer as die onderwyser wat reeds meer as 12 jaar ervaring as onderwyser het en nog nie oor 'n merietetoekenning beskik, of in 'n bevorderingspos is nie.

### 5.6.1 Biografiese gegewens

Uit Tabel 5.13 blyk dit dat daar 'n groter persentasie dames in die minder doeltreffende groep as in die doeltreffende groep is. Die minder doeltreffende groep

is effens jonger (52% onderwysers is 40 jaar en jonger; teenoor 44% by die doeltreffende groep), 'n groter persentasie van hulle is ongetroud (19%; teenoor 10% by die doeltreffende groep), hulle beskik oor minder onderwyservaring (10% onderwysers het meer as 21 jaar ervaring; teenoor 29% by die doeltreffende groep) en wissel meer van skool (slegs 15% het by een of twee skole onderrig gegee; teenoor 47% in die doeltreffende groep). Die doeltreffende groep het 'n groter persentasie onderwysers met 'n kategorie-indeling hoër as kategorie D (47%; teenoor 33% by die minder doeltreffende groep). Daar is 'n eweredige verdeling wat die persentasie onderwysers wat 'n tweede beroep of aktiwiteit beoefen om hul onderwysinkomste aan te vul, betref.

**Tabel 5.13** *Biografiese eienskappe van die doeltreffende en minder doeltreffende onderwyser*

| **Veranderlike** | **Kategorie** | **Doeltreffend N = 153** | **Minder doeltreffend N = 52** |
|---|---|---|---|
| Geslag | Manlik | 63 (41%) | 7 (13%) |
| | Vroulik | 90 (59%) | 45 (87%) |
| Ouderdom | 20–25 jaar | 0 (0%) | 0 (0%) |
| | 26–30 jaar | 7 (5%) | 0 (0%) |
| | 31–35 jaar | 19 (12%) | 3 (6%) |
| | 36–40 jaar | 41 (27%) | 24 (46%) |
| | 41–45 jaar | 44 (29%) | 11 (21%) |
| | 46–50 jaar | 27 (18%) | 10 (19%) |
| | 51–55 jaar | 8 (5%) | 3 (6%) |
| | 56–60 jaar | 6 (4%) | 1 (2%) |
| | 60+ jaar | 1 (0,65%) | 0 (0%) |
| Huwelikstaat | Getroud | 138 (90%) | 42 (81%) |
| | Ongetroud | 15 (10%) | 10 (19%) |

**Tabel 5.13** *(vervolg)*

| Veranderlike | Kategorie | Doeltreffend N = 153 | Minder doeltreffend N = 52 |
|---|---|---|---|
| Onderwyservaring | 0–2 jaar | 0 (0%) | 0 (0%) |
| | 3–5 jaar | 0 (0%) | 0 (0%) |
| | 6–8 jaar | 9 (6%) | 0 (0%) |
| | 9–12 jaar | 18 (12%) | 0 (0%) |
| | 13–15 jaar | 34 (22%) | 25 (48%) |
| | 16–20 jaar | 47 (31%) | 22 (42%) |
| | 21–25 jaar | 25 (16%) | 3 (6%) |
| | 26–30 jaar | 16 (10%) | 2 (4%) |
| | 30+ jaar | 4 (3%) | 0 (0%) |
| Aantal skole waarby reeds skoolgehou is | 1 skool | 38 (25%) | 0 (0%) |
| | 2 skole | 34 (22%) | 8 (15%) |
| | 3 skole | 27 (18%) | 11 (21%) |
| | 4 skole | 26 (17%) | 7 (13%) |
| | 5 skole | 15 (10%) | 8 (15%) |
| | 6 skole | 8 (5%) | 8 (15%) |
| | 7 skole | 2 (1%) | 4 (8%) |
| | 8 skole + | 3 (2%) | 6 (12%) |
| Kategorie-indeling | C | 25 (16%) | 12 (23%) |
| | D | 57 (37%) | 23 (44%) |
| | E | 37 (24%) | 12 (23%) |
| | F | 27 (18%) | 4 (8%) |
| | G | 7 (5%) | 1 (2%) |
| Meriete | 0 | 0 (0%) | 52 (100%) |
| | 1 | 80 (52%) | 0 (0%) |
| | 2 | 60 (39%) | 0 (0%) |
| | 3 | 13 (9%) | 0 (0%) |
| Posvlak | 1 | 68 (44%) | 52 (100%) |
| | 2, 3 en 4 | 85 (56%) | 0 (0%) |

**Tabel 5.13** *(vervolg)*

| **Veranderlike** | **Kategorie** | **Doeltreffend N = 153** | **Minder doeltreffend N = 52** |
|---|---|---|---|
| Postipe | Permanent<br>Perm. aflos<br>Tydelik | 141 (92%)<br>0 (0%)<br>12 (8%) | 44 (85%)<br>1 (2%)<br>7 (13%) |
| Beoefening van 2^e^ beroep/aktiw. | Ja<br>Nee | 24 (16%)<br>129 (84%) | 9 (17%)<br>43 (83%) |

### 5.6.2 SORT-resultate

#### *5.6.2.1 Resultate van die totale groep doeltreffende en minder doeltreffende onderwyser*

Uit Tabel 5.14 blyk die volgende:

- Die doeltreffende groep neig meer as die minder doeltreffende groep om in terme van klein, geringe besonderhede (pedanties) te dink en probleme ook van hierdie geringe besonderhede af aan te pak.
- Die vaardigheid om afleidings van onderdele te maak, betekenisvolle gehele uit dele op te bou (induksie), asook die gebruik van ophopende samestellings om grondbeginsels af te lei, is hoër by die minder doeltreffende groep.
- Die vaardigheid om deur 'n logiese benadering bestaande teorieë, grondbeginsels en veralgemenings op gegewens toe te pas en hulle onderlinge verhoudings te ontleed (deduksie), is by die minder doeltreffende groep hoër as by die doeltreffende groep.
- Die gewilligheid om diensbaar te wees en verantwoordelikheid vir die self, gesin en die samelewing te aanvaar (sosiale verantwoordelikheid), is by die minder doeltreffende groep hoër as by die doeltreffende groep.

- Die minder doeltreffende groep is meer in beheer van emosionele energie ten einde 'n beplande aksie deur te voer deur die energie (aktiwiteitspotensiaal) in 'n bepaalde rigting te konsentreer.
- Die algemene aanpasbaarheid en die vermoë om die meeste situasies te aanvaar en op volwasse wyse te hanteer (buigsaamheid), is by die minder doeltreffende groep hoër as by die doeltreffende groep.

Voornoemde verskille het nie werklik praktiese betekenis nie, aangesien die effekwaardes klein tot mediumgroot is (d = 0,3–0,4).

**Tabel 5.14** *Persoonlikheidsverskille by die doeltreffende en minder doeltreffende onderwyser*

| **Sort-persoonstrek** | **Doeltr. gemid.** | **Minder doeltr. gemid.** | **d** |
|---|---|---|---|
| Pedanties | 47,3 | 44,7 | 0,3 |
| Induksie | 54,2 | 57,2 | 0,4 |
| Deduksie | 52,5 | 54,7 | 0,3 |
| Sosiale verantwoordelikheid | 54,9 | 57,6 | 0,3 |
| Aktiwiteitspotensiaal | 55,7 | 60,1 | 0,3 |
| Buigsaamheid | 53,0 | 55,5 | 0,3 |

Klein effek d = 0,2
Medium effek d = 0,5
Groot effek d = 0,8

'n Vergelyking van faktore wat die vermindering van intellektuele bekwaamheid tot gevolg kan hê, toon die resultate ten opsigte van doeltreffend of minder doeltreffend (totale groep) soos weergegee in Tabel 5.15.

Hieruit blyk dat 'n groter persentasie individue by die doeltreffende groep tot onnodige herhaling en oordrewe noukeurigheid wat die logiese gevolgtrekking van hul verstandsaktiwiteite kan belemmer (dwangmatigheid), geneig is. Die doeltreffende groep sluit ook meer individue in wat konsentrasieprobleme ondervind (swak kontrole) en so 'n mate van kommer ervaar dat dit vir hulle moeilik is om hul eie gevolgtrekkings as gevolg van 'n gevoel van onsekerheid of onmag te aanvaar. Lae veralgemening en perfeksionisme as faktore wat verantwoordelik vir die vermindering van intellektuele bekwaamheid is, is by so 'n klein persentasie individue teenwoordig dat dit nie vergelyk word nie en dus buite rekening gelaat word.

**Tabel 5.15** *Faktore verantwoordelik vir die vermindering van intellektuele bekwaamheid by doeltreffende en minder doeltreffende onderwysers*

| **Faktor** | **Doeltreffend N = 153** | **Minder doeltreffend N = 52** |
|---|---|---|
| Dwang | 25 (16%) | 2 (4%) |
| Kommer | 10 (7%) | 2 (4%) |
| Lae veralgemening | 1 (1%) | 0 (0%) |
| Perfeksionisme | 2 (1%) | 0 (0%) |
| Swak kontrole | 15 (10%) | 4 (8%) |

'n Verdere verfyning ten opsigte van die doeltreffende en minder doeltreffende groepe is gedoen. Die resultate van die persoonstrekgemiddeldes van spesifieke doeltreffende en minder doeltreffende groepe word vervolgens vergelyk (sien *5.6.2.2* tot *5.6.2.4)*.

### *5.6.2.2 Resultate van doeltreffende/minder doeltreffende groepe ten opsigte van geslag*

'n Vergelyking tussen vroulike doeltreffende en minder doeltreffende groepe het egter dieselfde verskille as die totale doeltreffende en minder doeltreffende groep getoon. Bykomende verskille by hierdie groep is dat die minder doeltreffende vroulike groep meer taktvol as hul doeltreffende eweknieë is (d = 0,4) en ook oor 'n hoër mate van egosterkte, selfvertroue en volharding beskik (d = 0,4). Die effekwaarde van die verskil ten opsigte van die persoonstrek pedanties, is medium terwyl die ander verskille klein effekwaardes het en dus nie prakties betekenisvol is nie.

'n Vergelyking tussen doeltreffende en minder doeltreffende mansgroepe, het geen prakties betekenisvolle verskille getoon nie.

### *5.6.2.3 Resultate van doeltreffende en minder doeltreffende groepe in die primêre skool*

Die enigste verskil tussen doeltreffende en minder doeltreffende primêreskool-onderwysers is ten opsigte van angsvalligheid. Die doeltreffende groep het 'n groter gevoel van onsekerheid en ontoereikendheid (d = 0,45). Die effekwaarde van hierdie verskil is klein en nie prakties betekenisvol nie.

Groter veskille word egter tussen die seniorprimêre (SP) doeltreffende of minder doeltreffende groepe aangetref.

- Aggressiwiteit is hoër by die minder doeltreffende SP-groep (d = 0,52). Dit dui op 'n groter begeerte om langs die weg van aanvaarde gedrag sekere doelstellings te bereik en ook op die gewilligheid om te werk, die neiging om die uitdagings van die lewe te aanvaar, asook op die eienskap van volwasse selfkontrole en sosiale aanpasbaarheid.
- Die minder doeltreffende SP-groep se gedragspatrone (vastheid van gedrag) is meer stabiel as dié van die doeltreffende SP-groep (d = 0,60).
- Soos by die totale primêre doeltreffend en minder doeltreffende groep, is

hier ook 'n verskil ten opsigte van angsvalligheid (d = 0,60) met die doeltreffende SP-groep wat meer angsvallig is.

Die effekwaardes van al hierdie verskille is telkens mediumgroot en dus nie prakties betekenisvol nie.

Verskille tussen juniorprimêre (JP) doeltreffende of minder doeltreffende groepe is ten opsigte van onbuigsaamheid (d = 0,94), werklikheidsbesef (d = 0,67), konsentrasie (d = 0,85), volharding (d = 0,94) en impulsiwiteit (d = 0,85) aangetref.

Hiervolgens is die doeltreffende groep minder buigsaam in denke, meer formalisties in die oplossing van probleme, beskik hulle oor groter konsentrasievermoë en 'n groter mate van volharding. Hulle is ook minder impulsief in die neem van besluite. Die effekwaarde van die verskil in werklikheidsbesef is mediumgroot, sonder praktiese betekenisvolheid. Die ander verskille het groot effekwaardes en is prakties betekenisvol. Hierdie verskille kan tot die populasie veralgemeen word.

### *5.6.2.4 Resultate van doeltreffende en minder doeltreffende groepe in die sekondêre skool*

'n Vergelyking van doeltreffende en minder doeltreffende groepe sekondêre onderwysers het verskille ten opsigte van 'n verskeidenheid persoonstrekke getoon. Ter wille van 'n beter perspektief word dit in tabelvorm weergegee (sien Tabel 5.16).

Uit hierdie tabel blyk die volgende:

- Die doeltreffende sekondêre onderwyser dink meer in terme van geringe besonderhede, is ook meer as sy minder doeltreffende eweknieë geneig om probleme sodanig aan te pak (pedanties) en die neiging om perfeksionisties te wees, is hier hoër.
- Die doeltreffende groep is ook meer buierig as die minder doeltreffende groep.

Beide voornoemde verskille het medium effekwaardes.

**Tabel 5.16** *Persoonlikheidsverskille by doeltreffende en minder doeltreffende onderwysers in die sekondêre skool*

| **Sort-persoonstrek** | **Doeltr. gemid.** | **Minder doeltr. gemid.** | **d** |
|---|---|---|---|
| Teoreties | 53,7 | 57,0 | 0,4 |
| Pedanties | 46,4 | 42,0 | 0,4 |
| Induksie | 53,2 | 58,8 | 0,6 |
| Deduksie | 51,2 | 54,8 | 0,5 |
| Omvang van belangstelling | 48,3 | 54,1 | 0,8 |
| Konvensioneel | 54,5 | 58,2 | 0,4 |
| Vertroue | 48,8 | 53,5 | 0,7 |
| Buierigheid | 49,4 | 47,2 | 0,4 |
| Aktiwiteitspotensiaal | 53,1 | 61,2 | 0,7 |
| Inskiklikheid | 54,4 | 57,5 | 0,4 |

Klein effek d = 0,2
Medium effek d = 0,5
Groot effek d = 0,8

- Die minder doeltreffende sekondêre onderwyser daarenteen dink meer teoreties, het 'n groter vaardigheid om afleidings van onderdele te maak (induksie) en geheelbeelde uit dele op te bou. Laasgenoemde het ook 'n groter vaardigheid om deur 'n logiese benadering bestaande teorieë, grondbegin-

sels en veralgemenings op gegewens toe te pas (deduksie) en hulle onderlinge verhoudings te ontleed en het ook 'n wyer algemene belangstelling as die doeltreffende sekondêre groep.

- Die minder doeltreffende groep is voorts meer tot konvensionele response geneig en neig om dieselfde eienskappe op dieselfde wyse waar te neem as wat ander dit doen. Ten opsigte van temperament het die minder doeltreffende groep 'n groter mate van selfvertroue, 'n groter beheer oor emosionele energie om beplande aksie deur te voer (aktiwiteitspotensiaal) en die vermoë om energie in 'n bepaalde rigting te konsentreer. Daar is ook 'n groter neiging om sosiaal aanvaarde gedragskodes en gebruike te aanvaar (inskiklikheid) en daardeur gelei te word.

Die effekwaardes van voornoemde verskille is telkens mediumgroot—uitgesluit die verskil ten opsigte van die omvang van belangstelling. Dié het wel groot effekwaarde (d = 0,8); is prakties betekenisvol en kan tot die populasie veralgemeen word.

Die resultate van die doeltreffende of minder doeltreffende geesteswetenskaplike groepe het heelwat prakties beduidende verskille getoon. Tabel 5.17 toon hierdie verskille aan.

Uit Tabel 5.17 die volgende:

- Die doeltreffende geesteswetenskaplike onderwyser is meer geneig om in terme van geringe besonderhede te dink en is ook meer as sy minder doeltreffende eweknieë geneig om probleme sodanig aan te pak (pedanties). Die neiging om perfeksionisties te wees, is by hom dus hoër.

- Die doeltreffende groep is ook meer buierig as die minder doeltreffende groep.

Beide hierdie verskille het groot effekwaardes, is prakties betekenisvol en kan tot die populasie veralgemeen word. Beide hierdie verskille is waarskynlik toe te skryf aan die druk wat dikwels op die geesteswetenskaplike onderwysers is om in verhouding tot die prestasies in die natuurwetenskappe te presteer.

**Tabel 5.17** *Persoonlikheidsverskille by doeltreffende en minder doeltreffende geesteswetenskaplike onderwysers*

| **Sort persoonstrekke** | **Doeltr. gemid.** | **Minder doeltr. gemid.** | **d** |
|---|---|---|---|
| Pedanties | 49,8 | 41,3 | 1,2 |
| Induksie | 51,1 | 59,8 | 1,2 |
| Deduksie | 49,9 | 56,1 | 0,8 |
| Omvang van belangstelling | 46,3 | 55,7 | 1,8 |
| Menseverhoudings | 44,3 | 56,0 | 1,0 |
| Konvensioneel | 52,8 | 58,0 | 0,6 |
| Aggressiwiteit | 50,7 | 55,9 | 0,8 |
| Sosiale verantwoordelikheid | 50,4 | 57,9 | 1,0 |
| Takt | 46,4 | 52,3 | 1,0 |
| Vertroue | 46,4 | 54,9 | 1,1 |
| Buierigheid | 51,1 | 46,1 | 1,1 |
| Aktiwiteitspotensiaal | 50,6 | 63,1 | 1,1 |
| Buigsaamheid | 49,0 | 57,1 | 1,0 |

Klein effek d = 0,2
Medium effek d = 0,5
Groot effek d = 0,8

- Die minder doeltreffende geestewetenskaplike onderwyser beskik oor groter vaardigheid om afleidings van onderdele te maak (induksie) en om geheelbeelde uit dele op te bou.

- Hulle het ook 'n groter vermoë om deur 'n logiese benadering bestaande teorieë, grondbeginsels en veralgemenings op gegewens toe te pas (deduksie) en hulle onderlinge verhoudings te ontleed.

- Hierbenewens het hulle ook 'n wyer algemene belangstelling as die doeltreffende sekondêre groep.

- Die minder doeltreffende groep is ook meer op die waarneming van en aandag aan elemente wat menslike konnotasies inhou, gerig; hulle is meer tot konvensionele response geneig en neig om dieselfde eienskappe op dieselfde wyse waar te neem as wat ander dit doen.

- Ten opsigte van temperament het die minder doeltreffende groep meer selfvertroue, 'n groter beheer oor emosionele energie om beplande aksie deur te voer (aktiwiteitspotensiaal) en die vermoë om energie in 'n bepaalde rigting te konsentreer.

- Die begeerte om langs die weg van aanvaarde gedrag sekere doelstellings te bereik, die begeerte om te werk, asook die eienskap van volwasse selfkontrole en sosiale aanpasbaarheid (aggressiwiteit), is by die minder doeltreffende groep hoër.

- Die minder doeltreffende groep is vervolgens ook meer geneig om verantwoordelikheid vir die self, die gesin en die samelewing (sosiale verantwoordelikheid) te aanvaar en toon groter algemene aanpasbaarheid (buigsaamheid) as die doeltreffende groep.

Die verskil ten opsigte van responsiwiteit lewer 'n medium effekgrootte en is nie prakties betekenisvol nie. Al die ander voornoemde verskille is prakties betekenisvol (groot effekwaardes) en kan tot die populasie veralgemeen word.

Die doeltreffende of minder doeltreffende tegniese groepe het verskille ten opsigte van die persoonstrekke onbuigsaamheid ($d$ = 1,46) en volharding ($d$ = 1,46) opgelewer. Die gemiddelde telling van die doeltreffende groep is telkens hoër, wat daarop dui dat hulle meer geneig is om by vasgestelde idees te bly

en onwilliger is om daardie idees te verander (onbuigsaamheid). Volharding dui daarop dat hulle 'n sterker neiging het om nie van vasgestelde doelstellings af te wyk nie. Dit kan aan hardnekkigheid, koppigheid, trotsering of twissoekerigheid grens. Die effekwaardes van albei hierdie verskille is groot en die praktiese betekenisvolheid van hierdie verskille kan tot die populasie veralgemeen word.

## 5.7 PERSOONLIKHEID VAN HUIDIGE DIENSDOENENDE ONDERWYSERS SOOS GEMEET MET DIE SORT

Uit Tabel 5.18 blyk dit dat die persoonstrekgemiddeldes van die onderwyser meestal binne die interval vir gemiddeld (³) voorkom. Persoonstrekke wat ondergemiddeld (²) is, is individualisme (al vier groepe) en pedanties (slegs by die sekondêre groep). Dit dui daarop dat die onderwyser oor die algemeen meer konformerende gedrag as die gemiddelde persoon openbaar en dat die sekondêre onderwyser minder op geringe besonderhede ingestel is as die gemiddelde persoon.

Persoonstrekke wat bogemiddeld (⁴) is, is induksie, konvensioneel, sosiale verantwoordelikheid, aktiwiteitspotensiaal, buigsaamheid en inskiklikheid. Dit dui daarop dat die onderwyser vaardiger as die gemiddelde persoon is in logiese denke wat gebaseer is op afleidings wat van onderdele gemaak is, die gebruik van hulle ophopende samestelling om grondbeginsels af te lei, gevolgtrekkings te maak en betekenisvolle gehele uit dele op te bou. Die onderwyser is voorts meer geneig om dieselfde eienskappe op dieselfde wyse waar te neem as wat ander dit doen. Die gewilligheid om diensbaar te wees en om verantwoordelikheid vir homself, die gesin en die gemeenskap te aanvaar, is by die onderwyser bogemiddeld aanwesig. Die onderwyser het ook 'n bo-gemiddelde vermoë om emosionele energie te beheer, beplande aksie deur te voer en energie in 'n bepaalde rigting te konsentreer. Die algemene aanpasbaarheid; die vermoë om die meeste situasies te aanvaar en op volwasse wyse te hanteer; en die vermoë om 'n redelike aanpassing van die een situasie na die ander te maak, is by die onderwyser bo-gemiddeld aanwesig. Die onderwyser neig ook

om bo-gemiddeld sosiaal aanvaarde gedragskodes en gebruike te aanvaar en daardeur gelei te word.

**Tabel 5.18** *Persoonlikheid van huidige diensdoenende onderwysers*

| **Verstandelike funksionering** | **Mans N = 176** | **Dames N = 332** | **Primêr N = 285** | **Sekondêr N = 223** |
|---|---|---|---|---|
| 1. Teoreties | 52,0 $^{3}$ | 53,9 $^{3}$ | 53,5 $^{3}$ | 52,9 $^{3}$ |
| 2. Prakties | 52,2 $^{3}$ | 49,2 $^{3}$ | 49,3 $^{3}$ | 51,5 $^{3}$ |
| 3. Pedanties | 46,1 $^{3}$ | 47,0 $^{3}$ | 47,4 $^{3}$ | 45,8 $^{2}$ |
| 4. Induksie | 53,8 $^{3}$ | 55,5 $^{4}$ | 55,4 $^{4}$ | 54,3 $^{4}$ |
| 5. Deduksie | 53,8 $^{3}$ | 53,1 $^{3}$ | 53,3 $^{3}$ | 53,5 $^{3}$ |
| 6. Onbuigsaamheid | 54,1 $^{3}$ | 53,1 $^{3}$ | 53,7 $^{3}$ | 53,2 $^{3}$ |
| 7. Werklikheidsbesef | 50,9 $^{3}$ | 49,4 $^{3}$ | 49,3 $^{3}$ | 50,8 $^{3}$ |
| 8. Konsentrasie | 50,9 $^{3}$ | 51,2 $^{3}$ | 50,7 $^{3}$ | 51,6 $^{3}$ |
| **Belangstelling** | | | | |
| 9. Omvang | 51,3 $^{3}$ | 51,6 $^{3}$ | 52,1 $^{3}$ | 50,3 $^{3}$ |
| 10. Menseverhoudings | 54,2 $^{3}$ | 53,9 $^{3}$ | 54,6 $^{3}$ | 53,1 $^{3}$ |
| **Responsiwiteit** | | | | |
| 11. Konvensioneel | 55,2 $^{4}$ | 57,3 $^{4}$ | 56,6 $^{4}$ | 56,4 $^{4}$ |
| 12. Individualisties | 44,9 $^{2}$ | 43,5 $^{2}$ | 43,7 $^{2}$ | 44,4 $^{2}$ |

**Tabel 5.18** *(vervolg)*

| **Temperament** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 13. Volharding | 54,1 [3] | 53,1 [3] | 53,7 [3] | 53,2 [3] |
| 14. Aggressiwiteit | 53,2 [3] | 53,3 [3] | 53,3 [3] | 53,2 [3] |
| 15. Sosiale verantwoordelikheid | 55,2 [4] | 55,4 [4] | 55,2 [4] | 55,4 [4] |
| 16. Samewerking | 52,2 [3] | 52,7 [3] | 52,5 [3] | 52,6 [3] |
| 17. Takt | 51,4 [3] | 49,4 [3] | 49,8 [3] | 50,5 [3] |
| 18. Vertroue | 51,8 [3] | 50,6 [3] | 51,1 [3] | 50,8 [3] |
| 19. Vastheid van gedrag | 52,1 [3] | 51,6 [3] | 51,4 [3] | 52,2 [3] |
| 20. Angsvalligheid | 50,5 [3] | 50,0 [3] | 50,1 [3] | 50,2 [3] |
| 21. Buierigheid | 48,0 [3] | 48,6 [3] | 48,5 [3] | 48,2 [3] |
| 22. Aktiwiteitspotensiaal | 56,0 [4] | 57,6 [4] | 57,8 [4] | 56,1 [4] |
| 23. Impulsiwiteit | 48,6 [3] | 48,3 [3] | 48,8 [3] | 47,9 [3] |
| 24. Buigsaamheid | 53,9 [4] | 53,8 [4] | 53,8 [4] | 53,9 [4] |
| 25. Inskiklikheid | 54,9 [4] | 56,6 [4] | 56,2 [4] | 55,7 [4] |

[1] = Laag (7%)
[2] = Onder-gemiddeld (24%)
[3] = Gemiddeld (38%)
[4] = Bo-gemiddeld (24%)
[5] = Hoog (7%)

Indeling volgens normtabelle in handleiding (Louw, 1975:83).

*L.W:* Die inligting in Tabel 5.18 beklemtoon die belangrikheid daarvan dat verskille in persoonstrekgemiddeldes by die vergelyking van groepe met

mekaar, nie in isolasie gesien moet word nie. Die indruk kan geskep word dat 'n hoër punt by een groep noodwendig beteken dat die ander groep 'n lae punt het, wat nie waar is nie—te oordeel aan die gemmiddeldes uit Tabel 5.18.

## 5.8 ONDERWYSERS SE MENING OOR HUIDIGE ONDERWYSKEURINGSMETODES

Die gevoel van onderwysers ten opsigte van die huidige wyse van onderwyskeuring in die TOD is deur vraag 18 van die biografiese vraelys bepaal. Respondente moes hul gevoel deur een van drie keuses aandui en kon opmerkings of aanbevelings maak om hul keuse te motiveer. Resultate word soos volg voorgestel:

**Tabel 5.19** *Onderwysers se mening oor huidige onderwyskeuringsmetodes*

| Meting | Frekwensie N = 508 | Persentasie |
|---|---|---|
| Tevrede met keuring | 141 | 27,7% |
| Ontevrede met keuring | 102 | 20,1% |
| Onseker | 265 | 52,2% |

Uit Tabel 5.19 blyk dit dat meer as die helfte van die onderwysers in die steekproef dit nie wil waag om 'n mening oor onderwyskeuring uit te spreek nie. Baie min kommentaar of aanbevelings is ontvang van diegene wat ontevrede met die huidige keuringswyse is. Uit die kommentaar wat wel ontvang is, blyk die volgende:

- Ontevredenheid met die subjektiewe aard van keuring.
- Ontevredenheid dat mans makliker as dames gekeur word.

- Ontevredenheid dat kandidate vir primêre onderwys makliker keuring ontvang as die kandidate vir sekondêre onderwys.
- Ontevredenheid dat kandidate vir die natuurwetenskappe makliker keuring ontvang as dié vir ander studierigtings.
- Ontevredenheid dat akademiese prestasie te veel gewig dra.
- Ontevredenheid dat die swak kandidaat nie deur keuring uitgeskakel word nie.
- Versoeke vir wetenskaplike keuringsmetodes wat psigometriese toetsing, veral persoonlikheidstoetse, insluit.

## 5.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die empiriese ondersoek kwantitatief en kwalitatief ontleed. Verskille tussen bepaalde groepe onderwysers is aangedui en 'n persoonsbeeld van die huidige onderwyser is voorgehou.

In Hoofstuk 6 word 'n samevattende oorsig van die studie gegee. In die lig van sekere bevindinge word bepaalde aanbevelings vir die praktyk en vir verdere navorsing gemaak.